


HEELGETALLE

1. Bestudeer die getallyn en voltooi dit deur elke getal met 10 te vermeerder. Die eerste twee getalle is reeds gegee.




2. Bepaal die getal halfpad tussen 27640 en 27650, deur die getallyn te gebruik.



3. Hieronder is 'n tabel met die hoogtes van sommige berge in Suid – Afrika. Beskou die inligting en beantwoord die vrae wat volg.

BERG	HOOGTE (m)	BERGREEKSE	WAAR GELEË
Thabana Ntlenyana	3 482 m	Drakensberge	Lesotho
Tafelberg	1 084 m	Kaapse Plooiberge	Wes Kaap
Thaba Putsoa	3 455 m	Drakensberge	Lesotho
Formosa Piek	1 675 m	Tsitsikamma	Oos Kaap
Makheka	3 463 m	Drakensberge	Lesotho



a) Skryf die hoogtes van die Berge in dalende volgorde.

3 482, 3 463, 3 455, 1 675, 1 084

b) Wat is die hoogste berg in die tabel? **Thabana Ntlenyana**

c) Wat is die verskil tussen die hoogste en laagste berg in die tabel?

$3\,482 - 1\,084 = 2\,398$

Die verskil tussen die hoogste en laagste berg is 2 398 m.

d) Wat is die verskil tussen Formosa Piek en Tafelberg?

$1\,675 - 1\,084 = 591$

Die verskil tussen Formosa Piek en Tafelberg is 591 m.

e) Watter berg word in die prentjie gewys en in watter stad is die berg?

Tafelberg, Kaapstad

4. Maak die grootste getal met die syfers 4, 8, 0, 2, 3. **84 320**

5. Wat is die volgende getal na 9 999? **10 000**

6. Voltooi die tabel.

GETAL	ROND AF TOT DIE NAASTE:				
	5	10	100	1 000	10 000
32	30	30	0	0	0
1 327	1 330	1 330	1 300	1 000	0
23 502	23 500	23 500	23 500	24 000	20 000
18 679	18 680	18 680	18 700	19 000	20 000
568 135	568 135	568 140	568 100	568 000	570 000

7. Skryf die eerste tien veelvoude van 7

7; 14; 21; 28; 35; 42; 49; 56; 63; 70

8. VOORBEELD: DIE FAKTOR PARE VAN 20 IS: 1 EN 20, 2 EN 10, 4 EN 5

Skryf die faktor pare van 28 neer **1 en 28; 2 en 14; 4 en 7**

9. Van die lys getalle : **2; 3; 4; 5; 6; 7; 8; 9; 10**, beantwoord die vrae:

- a) Al die ewe getalle **2, 4, 6, 8, 10**
- b) Al die vierkants getalle **4, 9**
- c) Al die derdemags getalle **8**
- d) Al die onewe getalle **3, 5, 7, 9**
- e) Al die driehoeks getalle **1, 3, 6, 10**


10. Skryf:

- a) Al die faktore van 8 **1, 2, 4, 8**
- b) Al die faktore van 12 **1, 2, 3, 4, 6, 12**
- c) Die grootste gemene faktor (GGF) van 8 en 12 **4**
- d) Die eerste 5 veelvoude van 6 **6, 12, 18, 24, 30**
- e) Die eerste 5 veelvoude van 8 **8, 16, 24, 32, 40**
- f) Die kleinste gemene veelvoud van 6 en 8 **24**
- g) Die priemfaktore van 12 **2, 3**
- h) Die eerste 10 priemgetalle **2, 3, 5, 7, 11, 13, 17, 19, 23, 29**
- i) i) 16 as 'n produk van sy priemfaktore **16 = 2 x 2 x 2 x 2**
ii) Skryf nou 16 se priemfaktore in die eksponent notasie **2⁴**
- j) Skryf die ewe priemgetal neer **2**




11. Bepaal die GGF van:

- a) 45 en 60 $45 = 3 \times 3 \times 5$ en $60 = 2 \times 2 \times 3 \times 5$ GGF = 15
- b) 16 en 22 $16 = 2 \times 2 \times 2 \times 2$ en $22 = 2 \times 11$ GGF = 2
- c) 25 en 45 $25 = 5 \times 5$ en $45 = 3 \times 3 \times 5$ GGF = 15
- d) 28 en 42 $28 = 2 \times 2 \times 7$ en $42 = 2 \times 3 \times 7$ GGF = 14
- e) 27 en 36 $27 = 3 \times 3 \times 3$ en $36 = 2 \times 2 \times 3 \times 3$ GGF = 9
- f) 36 en 96 $36 = 2 \times 2 \times 3 \times 3$ en $96 = 2 \times 2 \times 2 \times 2 \times 3$ GGF = 12

VOORBEELD: 36 se priemfaktore met die faktorboom of T-metode



12. Voltooi die faktorbome en skryf die priemfaktore in hulle eksponent vorm:



13. Gebruik die faktorboom of T- metode om die priemfaktore te bepaal, en skryf die antwoord in eksponent vorm.

a) $108 = 2^2 \times 3^3$

2	108
2	54
3	27
3	9
3	3
	1

b) $80 = 2^4 \times 5$

2	80
2	40
2	20
2	10
5	5
	1



14. Bepaal die GGF van: "supporting schooling for excellence"

a) 18 en 36 $18 = 2 \times 3 \times 3$ en $36 = 2 \times 2 \times 3 \times 3$ GGF = $2 \times 3 \times 3 = 18$

b) 12 en 20 $12 = 2 \times 2 \times 3$ en $20 = 2 \times 2 \times 5$ GGF = $2 \times 2 = 4$

15. Bepaal die kgv van:

a) 6 en 10 30 b) 4 en 7 28 c) 5 en 8 40 d) 9 en 12 36

e) 6 en 12 12

EIENSKAPPE VAN GETALLE

1. Vereenvoudig die volgende (onthou BODMAS)

a) $50 \times (70 + 30) = 5\ 000$

b) $50 \times 70 + 50 \times 30 = 3\ 500 + 1\ 500 = 5\ 000$

c) $50 \times (70 - 30) = 50 \times 40 = 2\ 000$

d) $50 \times 70 - 50 \times 3 = 3\ 500 - 150 = 3\ 350$

e) $(8 + 12) - 5 = 20 - 5 = 15$

- f) $64 - (30 + 12) = 64 - 42 = 22$
 g) $(8 + 12) + (6 + 4) = 20 + 10 = 30$
 h) $(5 + 7) \times 3 = 12 \times 3 = 36$
 i) $18 \times (42 \div 7) = 18 \times 6 = 108$
 j) $(62 + 10) \div (36 \div 4) = 72 \div 9 = 8$
 k) $12 + 13 + 5 - 7 = 30 - 7 = 23$
 l) $64 - 12 - 6 - 4 = 42$
 m) $8 \times 2 \times 2 \times 3 = 16 \times 6 = 96$

2. Gebruik hakies om die volgende somme **waar** te maak:

- a) $(16 + 9) \times 0 = 0$
 b) $14 + (8 - 6) \times 3 = 20$
 c) $(15 - 7) \times 9 = 72$
 d) $(24 + 12) \div 4 - 5 = 4$ **of** $(24 + 12) \div (4 + 5) = 4$
 e) $72 \div (12 - 3) + 2 = 10$

Probleem oplossing met Heelgetalle

1. Bepaal die som van 36m, 53m en 21m

$$36 + 53 + 21 = 110\text{m}$$

Die som is 110m "supporting schooling for excellence"

2. Tel die volgende bymekaar: 68 kg, 125 kg en 32 kg.

$$68 + 125 + 32 = 225\text{kg}$$

Dit is 225kg

3. Bepaal die prys van 75 lemoene teen 15 sent elk

$$75 \times 15\text{c} = \text{R}11,25 \quad 75 \times 15 = \text{R}11,25$$

75 Lemoene gaan R11,25 kos

4. Hoeveel boeke sal daar wees as 150 kratte elk 36 boeke in het?

$$150 \times 36 = 5\,400$$

Daar sal 5 400 boeke wees

5. Hoeveel maande is daar in 37 jaar?

$$37 \times 12 = 444$$

Daar is 444 maande in 37 jaar

6. Die produk van 'n getal met homself vermenigvuldig is 400. Wat is die getal?

$$20 \times 20 = 400$$

Die getal is 20

7. Bepaal die totale aantal dae in die maande: Mei, Junie en Julie.

Mei 31 dae Junie 30 dae Julie 31 dae

$$31 + 30 + 31 = 92 \text{ dae}$$

8. Trek die som van 235 en 180 af van 768.

$$235 + 180 = 415$$

$$768 - 415 = 353$$

9. Hoeveel weke is daar in 560 dae?

$$560 \div 7 = 80$$

Daar is 80 weke in 560 dae

10. Thabo is besig om te oefen vir die 200m wedloop. Sy beste tyd is 31.25 sekondes. Hy moet egter by 27 sekondes kom om te kwalifiseer vir die atletiek span. Met hoeveel sekondes moet hy verbeter om die span te haal?

$$31,25 - 27 = 4,25 \text{ sek}$$

Hy moet sy tyd met 4,25 sekondes verbeter

Probleem oplossing met verhouding en koers

VOORBEELD : Daar is 5 dorders tot 15 seuns in die klas. Dit word geskryf as 5 : 15:

1. Daar is ses honde en twee katte. Skryf die verhouding van **katte tot honde** neer **2 : 6**

2. Van die 50 leerders in Funeka se klas is daar 22 dogters. Wat is die verhouding van dogters tot seuns? **22 : 28** **11 : 14**

3. Funeka se ma betaal R600 vir 30m materiaal, waarmee sy gordyne wil maak. Hoeveel het sy per meter betaal vir die materiaal?

$$R600 \div 30m = R20,00 / m$$

4. As Funeka 'n R120 vir 10 sjokolades betaal, het, wat sou een sjokolade haar gekos het?

$$R120 \div 10 = R12,00 / \text{sjokolade}$$

5. As jy 330km in 3uur gery het, wat is jou gemiddelde spoed?

$$\begin{aligned} \text{Spoed} &= \text{Afstand} \div \text{tyd} \\ &= 330\text{km} \div 3\text{uur} \\ &= 110\text{km / uur} \end{aligned}$$

6. Larry het 4 skape, 2 koeie en 5 bokke in sy veld.

- a) Wat is die verhouding van die skape tot die koeie? **4 : 2**
 Vereenvoudig indien moontlik **2 : 1**
- b) Wat is die verhouding van die bokke ten opsigte van die ander diere? **5 : 11**

7. Gedurende 'n hewige storm het die water vlak in 'n dam met 8cm per uur gestyg. As hierdie toestand aanhou, wat sal die watervlak na 24 uur wees? Skryf die antwoord in meter

$$\begin{aligned} 24 \times 8\text{cm} &= 192\text{cm} \\ 192\text{cm} \div 100 &= 1,92\text{m} \end{aligned}$$

8. In 'n fabriek wat blikkies maak vir boontjies is daar twee masjiene wat werk. Masjien A vervaardig 800 blikkies / uur en Masjien B vervaardig 2400 blikkies / uur.

Voltooi die tabel en beantwoord die vrae wat volg.

Tyd in uur	Masjien A	Masjien B
1	800	2 400
2	1 600	4 800
3	2 400	7 200
5	4 000	12 000
8	6 400	19 200

- a. Hoeveel vinniger is masjien B as masjien A? **3 keer vinniger**
- b. Hoeveel blikkies sal masjien B produseer teen die tyd dat masjien A 30 blikkies gedoen het?
 $30 \times 3 = 90$ **90 blikkies**
- c. Hoeveel blikkies sal masjien B produseer as masjien A 200 blikkies maak?
 $200 \times 3 = 600$ **600 blikkies**
- d. Hoeveel blikkies sal masjien B produseer, as masjien A slegs een blikkie maak?
 $1 \times 3 = 3$ **3 blikkies**

9. R240 word verdeel tussen David en Sally in die verhouding 3 : 5. Hoeveel geld sal elkeen van hulle kry?

$$\frac{3}{8} \times 240 = R90 \quad \text{David kry R90,00}$$

$$\frac{5}{8} \times 240 = R150 \quad \text{Sally kry R150,00}$$

Of $R240 \div 8 = R30$

David: $R30 \times 3 = R90$ en Sally $R30 \times 5 = R150$.

10. Hoeveel geld sal elke persoon kry as R14400 verdeel word in die volgende verhoudings

a. 1 : 3

$$\frac{1}{4} \times 14\,400 = R3\,600$$

$$\frac{3}{4} \times 14\,400 = R10\,800$$

Een sal R3 600,00 kry en die ander R10 800,00.


b. 5 : 7

$$\frac{5}{12} \times 14\,400 = R6\,000$$

$$\frac{7}{12} \times 14\,400 = R8\,400$$

Een sal R6 000,00 kry en die ander R8 400,00.

EKSPONENTE



1. Voltooi die volgende: a^2 lees as a **kwadraat**, en die a is die **grondgetal**, en die 2 is die **mag of eksponent**



2. ● ●● ●●●

●●
●●

●●●
●●●
●●●

b)

- a) Hoekom word hierdie vierkantsgetalle genoem? **Hulle vorm vierkante**
 b) Teken die volgende twee patrone in die ry. (**voltooi by nommer 2**)
 c) Wat is die 7 de vierkatsgetal? **49**

3. Skryf die volgende as 'n getal neer:

a) $(7 \times 10^2) + (6 \times 10^1) + (3 + 10^0) = 763$

b) $(3 \times 10^3) + (4 \times 10^2) + (7 \times 10^1) + (2 \times 10^0) = 3\,472$

c) $(5 \times 10^5) + (4 \times 10^4) + (0 \times 10^3) + (6 \times 10^2) + (3 \times 10^1) + (1 \times 10^0) = 540\,631$

4. Skryf die volgende in eksponent vorm:

a) $893 = (8 \times 10^2) + (9 \times 10^1) + (3 \times 10^0)$

b) $3\,967 = (3 \times 10^3) + (9 \times 10^2) + (6 \times 10^1) + (7 \times 10^0)$

c) $93\,406 = (9 \times 10^4) + (3 \times 10^3) + (4 \times 10^2) + (0 \times 10^1) + (6 \times 10^0)$

5. Voltooi die tabel:

EKSPONENT	GRONDGETAL	MAG	ANTWOORD
3^2	3	2	9
2^3	2	3	8
6^2	6	2	36
10^5	10	5	100 000
5^2	5	2	25
0^{25}	0	25	0

6. In plaas van te sê 10 maal 10 maal 10 kan ons 10 tot die mag 3 sê, of 10^3 . Wat is die getal 2^3 of 2 tot die mag 3se waarde?

$$2 \times 2 \times 2 = 8$$

7. Verminder die produk van 12 en 3 met 3 kwadraat.

$$(12 \times 3) - 3^2 = 36 - 9 = 27$$

of

$$12 \times 3 = 36$$

$$3^2 = 9$$

$$36 - 9 = 27$$



8. Verminder die som van 12 en 4^2 met 3^2 . $12 + 4^2 = 12 + 16 = 28$ $3^2 = 9$

$$28 - 9 = 19$$

$$\text{If } 1^2 = 1 \times 1 = 1 \text{ then } \sqrt{1} = 1$$

$$1^3 = 1 \times 1 \times 1 = 1 \text{ then } \sqrt[3]{1} = 1$$

$$2^2 = 2 \times 2 = 4 \text{ then } \sqrt{4} = 2$$

$$2^3 = 2 \times 2 \times 2 = 8 \text{ then } \sqrt[3]{8} = 2$$

Voltooi:

9.a) $\sqrt{16} = 4$.

b) $\sqrt{49} = 7$

c) $\sqrt[2]{100} = 10$

d) $\sqrt[3]{27} = 3$

e) $\sqrt[3]{125} = 5$

f) $\sqrt[3]{8} = 2$

10. As $7^3 = 343$ bepaal dan $\sqrt[3]{343} = 7$ omdat $7 \times 7 \times 7 = 343$

11. Watter getal is groter? 4^2 of 2^2 ? $4^2 = 16$ and $2^2 = 4$ so $4^2 > 2^2$

12. Skryf 14 tot die mag 2 in eksponent vorm. 14^2

13. Voltooi die lys van vierkantsgetalle: 1; 4; 9; 16; 25; 36; 49; 64; 81; 100; 121.

14. Skryf die simbool neer vir die derdemags wortel. $\sqrt[3]{\quad}$

15. Die priemfaktore van 24 is $2 \times 2 \times 2 \times 3$, skryf hierdie in eksponent notasie. $2^3 \times 3 = 24$

16. Bereken die volgende en onthou die volgorde van bewerking:

- a) $20 - 3^2 = 20 - 9 = 11$
- b) $3^2 + 7 \times 2 = 9 + 14 = 23$
- c) $6 + 4 - 3^3 = 10 - 9 = 1$
- d) $(32 \div 8) + 16 = 4 + 16 = 20$
- e) $\frac{\sqrt{16}}{2} = 4 \div 2 = 2$
- f) $\frac{1}{4}$ van $84 + 5^2 = 21 + 25 = 46$
- g) $2^3 - (8 \div 2) = 8 - 4 = 4$
- h) $(13 - 4) \times 3^2 = 9 \times 9 = 81$
- i) $\frac{\sqrt{100}}{5} - 2 = (10 \div 5) - 2 = 2 - 2 = 0$
- j) $(6 \times 8) - 3^3 = 48 - 27 = 21$
- k) $(7 - 4)^3 = 3^3 = 27$
- l) $\sqrt{16 + 9} = \sqrt{25} = 5$

17. Bepaal die waardes van die volgende eksponente:

- a) $2^0 = 1$
- b) $2^1 = 2$
- c) $2^2 = 4$
- d) $2^3 = 8$
- e) $2^4 = 16$
- f) $2^5 = 32$



18. Omkring die vierkantsgetal. 120 144 40 8

19. Omkring die derdemags getal. 1 25 3 9

GEWONE BREUKE, DESIMALE BREUKE EN PERSENTASIE

$$\frac{2}{5} = 0,4 = 40\%$$

Voltooi

1. $\frac{7}{8} = \frac{49}{56}$

2. Vereenvoudig $\frac{9}{12}$ $\frac{3}{4}$

3. Vereenvoudig $7\frac{8}{12}$ $7\frac{2}{3}$

4. Skryf $4\frac{7}{9}$ as 'n onegte breuk. $\frac{43}{9}$

5. Skryf $\frac{37}{4}$ as 'n gemengde getal. $9\frac{1}{4}$

6. Bereken $\frac{3}{10} + \frac{4}{10} = \frac{7}{10}$

7. Bereken $\frac{39}{70} - \frac{9}{70} = \frac{30}{70} = \frac{3}{7}$

8. Bereken $\frac{2}{3} + \frac{5}{7} = \frac{14}{21} + \frac{15}{21} = \frac{29}{21} = 1\frac{8}{21}$

9. Bereken $\frac{8}{9} - \frac{1}{2} = \frac{16}{18} - \frac{9}{18} = \frac{7}{18}$

Bereken die volgende:

10. $\frac{3}{7} \times \frac{5}{7} = \frac{15}{49}$

11. $\frac{8}{21} \times \frac{7}{16} = \frac{1}{3} \times \frac{1}{2} = \frac{1}{6}$

12. $\frac{2}{3}$ van 'n uur = $\frac{2}{3} \times \frac{60}{1} = 2 \times 20 = 40$ minute

13. $\frac{1}{5}$ van 'n kilogram = $\frac{1}{5} \times \frac{1000}{1} = 1 \times 200 = 200$ gram

14. $\frac{1}{4}$ van R400 = $\frac{1}{4} \times \frac{400}{1} = 1 \times 100 = R100$

Probleem oplossing met breuke

1. Bepaal die som van $\frac{2}{5}$, $\frac{3}{4}$ en $\frac{1}{10}$ $\frac{2}{5} + \frac{3}{4} + \frac{1}{10} = \frac{8}{20} + \frac{15}{20} + \frac{2}{20} = \frac{25}{20} = 1\frac{1}{4}$

2. Trek die verskil tussen $\frac{1}{2}$ en $\frac{1}{3}$ af van die som van $\frac{1}{2}$ en $\frac{1}{3}$

$$\frac{1}{2} - \frac{1}{3} = \frac{3}{6} - \frac{2}{6} = \frac{1}{6}$$

$$\frac{1}{2} + \frac{1}{3} = \frac{3}{6} + \frac{2}{6} = \frac{5}{6}$$

$$\frac{5}{6} - \frac{1}{6} = \frac{4}{6} = \frac{2}{3}$$

3. In 'n skool van 800 leerders, het 'n $\frac{1}{5}$ van die leerders bruin oë. Hoeveel van die leerders het nie bruin oë nie?

$$\frac{4}{5} \times 800 = 640$$

640 Leerders het nie bruin oë nie

4. 'n Reghoek het 'n lengte van $3\frac{3}{4}$ cm en 'n breedte van $1\frac{1}{4}$ cm. Bepaal die omtrek van die reghoek.

$$\text{Omtrek} = 3\frac{3}{4} + 3\frac{3}{4} + 1\frac{1}{4} + 1\frac{1}{4} = 8 + \frac{8}{4} = 8 + 2 = 10 \text{ cm}$$

5. Wanneer 'n motor se tenk $\frac{3}{4}$ vol is hou dit 45 liter petrol. Hoeveel petrol kan die motor se tenk hou?

$$45 \div 3 = 15$$

$$15 \times 4 = 60$$

Die motor se tenk kan 60 liter vat

6. Lindiwe het $3\frac{2}{5}$ kg appels Maandag gekoop en Dinsdag $4\frac{3}{4}$ kg. Hoeveel kilogram appels het sy nou?

$$3\frac{2}{5} + 4\frac{3}{4} = 7 + \left(\frac{2}{5} + \frac{3}{4}\right) = 7 + \left(\frac{8}{20} + \frac{15}{20}\right) = 7\frac{23}{20} = 8\frac{3}{20} \text{ kg appels}$$

7. Omkring die grootste breuk $\frac{2}{3}$ $\frac{3}{5}$ $\frac{7}{10}$

$$\frac{2}{3} = \frac{20}{30}; \quad \frac{3}{5} = \frac{18}{30}; \quad \frac{7}{10} = \frac{21}{30} \quad \text{so } \frac{7}{10} \text{ is die grootste}$$



"supporting schooling for excellence"

8. 'n Vliegtuig vlieg 1200 km in $2\frac{3}{4}$ uur. Wat is die gemiddelde spoed?

$$\text{Gemiddelde spoed} = \text{afstand} \div \text{tyd} = 1200 \div \frac{11}{4} = 1200 \times \frac{4}{11} = \frac{4800}{11} = 436,36 \text{ km/uur}$$

9. Hoeveel stukke hout van $1\frac{1}{3}$ meter lank, kan gesny word van 'n 8 meter lang stuk hout?

$$8 \div 1\frac{1}{3} = 8 \div \frac{4}{3} = \frac{8}{1} \times \frac{3}{4} = \frac{24}{4} = 6$$

Daar kan 6 stukke gesny word

10. Thandiwe werk $3\frac{1}{2}$ uur Saterdag en $5\frac{3}{4}$ uur Sondag. Hoeveel uur het sy die naweek gewerk?

$$3\frac{1}{2} + 5\frac{3}{4} = 8 + \left(\frac{1}{2} + \frac{3}{4}\right) = 8 + \left(\frac{2}{4} + \frac{3}{4}\right) = 8\frac{5}{4} = 9\frac{1}{4} \text{ uur}$$

Hy het $9\frac{1}{4}$ uur gewerk.

Desimale Breuke

1. Druk $\frac{9}{10} + \frac{5}{100}$ uit as 'n desimale breuk $\frac{90}{100} + \frac{5}{100} = \frac{95}{100} = 0,95$
2. Wat is die getalwaarde van 6 in: 3,562? 6 honderdstes of $\frac{6}{100}$
3. Skryf $\frac{2}{1000}$ as 'n desimale breuk. 0,002
4. Verander $64\frac{3}{10}$ na 'n desimale breuk. 64,3
5. Skryf 0,39 as 'n breuk neer. $\frac{39}{100}$
6. Skryf 3,5 as 'n breuk neer en vereenvoudig. $3\frac{5}{10} = 3\frac{1}{2}$
7. Bepaal die som van 4,9 en 3,008. $4,9 + 3,008 = 7,908$
8. Bepaal $5,2 - 3,05$. $5,20 - 3,05 = 2,15$
9. Vermenigvuldig 0,3 en 1,2. $0,3 \times 1,2 = 0,36$
10. Bereken $6,38 \times 100$. $6,38 \times 100 = 638$
11. Gebruik die korrekte simbool < = > : $0,2 > 0,12$
12. Rangskik in stygende volgorde 3,01; 3,1; 3,001 $3,001; 3,01; 3,1$
13. Skryf $\frac{4}{5}$ as 'n desimale breuk. $\begin{array}{r} 0,8 \\ 5 \overline{)4,0} \end{array}$
14. Rond 8,7153 af tot twee desimale plekke. 8,72
15. Buhle verdien R20,80 'n uur. Hoeveel sal sy in $3\frac{1}{2}$ uur verdien? $R20,80 \times \frac{7}{2} = R72,80$ verdien

Problem Solving and Percentages

1. Druk 800 % uit as 'n breuk $\frac{800}{100}$
2. Bepaal 25% van R900. $\frac{25}{100} \times 900 = R225$
3. Skryf 12 uit 48 as 'n persentasie. $\frac{12}{48} \times 100 = 25\%$
4. Skryf $\frac{5}{12}$ as 'n persentasie korrek tot 2 desimale plekke. $\frac{5}{12} \times \frac{100}{1} = \frac{500}{12} = 41,6\bar{6} = 41,67$
5. Skryf $\frac{4}{5}$ as 'n persentasie $\frac{4}{5} \times 100 = 80\%$
6. Skryf 0,86 as 'n persentasie 86%
7. Skryf 88 % as 'n breuk $\frac{88}{100} = \frac{22}{25}$
8. Bepaal die persentasie van 9 uit 45? $\frac{9}{45} \times 100 = 20\%$
9. Bepaal 5% van 3500 m. $\frac{5}{100} \times 3\,500 = 5 \times 35 = 175m$

10. Die prys van 'n motor is R 3 5000. Na 'n jaar het die prys verminder met 20 %. Bepaal die prys van die motor na 1 jaar.

$$\frac{20}{100} \times 35\,000 = 20 \times 350 = 7\,000 \quad 35\,000 - 7\,000 = 28\,000$$

Die motor sal na 'n jaar R28 000 kos

11. Wat sal Sam betaal vir 'n CD speler wat oorspronklik R550 kos, maar wat afgemerkt is met 15%?

$$\frac{15}{100} \times 550 = 15 \times 55 \div 10 = 82,50 \quad 550 - 82,50 = 467,50$$

Die CD speler sal nou R467.50 kos

12. Uit 1 200 leerders swem 60%. Hoeveel leerders swem?

$$\frac{60}{100} \times 1200 = 60 \times 12 = 720 \text{ leerders swem}$$

13. As 64% leerders teenwoordig is, hoeveel leerders is afwesig? $100 - 64 = 36$

36% leerders is afwesig

14. Uit 60 leerders is 20% siek. Hoeveel leerders is nie siek nie? $100\% - 20\% = 80\%$

$$\frac{80}{100} \times 60 = 8 \times 6 = 48 \text{ leerders is nie siek nie}$$

15. Bepaal 20% van 400 $\frac{20}{100} \times 400 = 20 \times 4 = 80$

EKWIVALENTE

Voltooi die tabel:

	BREUKE	DESIMALE	PERSENTASIE
Eg.	$\frac{15}{100}$	0,15	15%
	$\frac{73}{100}$	0,73	73%
	$\frac{4}{100}$	0,04	4%
	$\frac{39}{100}$	0,39	39%
	$\frac{77}{100}$	0,77	77%
	$\frac{50}{100}$	0,5	50%
	$\frac{80}{100}$	0,8	80%
	$\frac{26}{100}$	0,26	26%
	$\frac{2}{3}$	$66,\bar{6}$	$66\frac{2}{3}\%$
	$\frac{1}{100}$	0,01	1%
	$\frac{1}{3}$	$0,\bar{3}$	$33\frac{1}{3}\%$
	$\frac{3}{4}$	0,75	75%
	$\frac{20}{100}$	0,2	20%

"supporting schooling for excellence"